Wys my die weg, Here

# Ek is die deur en die goeie herder

## Bybelteks

*Jesus het toe weer gesê: "Amen, amen, Ek sê vir julle: Ek is die deur vir die skape. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind ... Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."*

**– Johannes 10:7, 9-11**

## Kernwaarheid

**Jesus is die Here wat sy kinders ken en vir hulle sorg.**

### WELKOM

- Wie volg jy, en ander jongmense van jou ouderdom, graag op sosiale media?
- Hoekom volg jongmense daardie persone?
- Is daar mense wat slegte voorbeelde is, wat jy eerder nie wil volg nie?
- Hoe kan ons weet wie veilig is om te volg?

## WONDER

Dink aan die teksgedeelte (Joh 10:1-18) wat julle gelees het.

- Wat beteken vers 1 en 2? Wat is die verskil tussen om by die hek in te gaan en teen die kant in te klim?
- Wat is die herder se verantwoordelikheid volgens vers 3-4?
- In vers 12 sê Jesus die huurarbeider hardloop weg wanneer dinge moeilik raak. Het jy al ’n leier so beleef?
- Ons lees in die gedeelte van ’n lewe in oorvloed. Baie mense dink dit verwys hoofsaaklik na aardse besittings. Wat dink jy bedoel Jesus wanneer Hy van oorvloed praat?

## WEES

- Watter goeie advies is daar in die video wat julle gekyk het?
- Hoe vergelyk dit met die diewe in die teksgedeelte?
- Hoe kan ons na die goeie herder se stem luister in ’n wêreld vol stemme (fisies en digitaal)?

## WEGSTUUR

Bêre die stuk tou of wol wat jy gekry het iewers waar jy dit gereeld gaan sien. Dit sal jou herinner dat Jesus jou vashou, al voel dit of jy jou greep verloor.